education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEMEENSKAPLIKE TAKE VIR ASSESSERING (GTA)
GRAAD 9
2008

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

# LEERDERBOEK

## AFDELING A

## TEMA:
## Persoonlike Ontwikkeling

**SUBTEMA:** Verhoudings
**FOKUS:** Om 'n goeie vriend van jouself en ander te wees

## Voorgestelde tyd: 5 uur

## 150 punte

## INHOUDSOPGAWE


| AKTIWITEITE | TYD | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| **Taak 1: Kontekstualisering** | **2 periodes** | **30** | **3 – 5** |
| 1.1 Klasbespreking met terugvoer | 2 periodes | 30 | 3 – 5 |
| **Taak 2: Respons op teks** | **3 periodes** | **40** | **5 – 10** |
| 2.1 'n Artikel | 1 periode | 20 | 6 |
| 2.2 Taalstruktuur | 1 periode | 10 | 7 – 8 |
| 2.3 'n Blokkiesraaisel | 1 periode | 10 | 9 – 10 |
| **Taak 3: Voer 'n onderhoud en stel 'n klasmaat voor** | **3 periodes** | **40** | **11 – 14** |
| 3.1 Voer 'n onderhoud met voorbereide vrae | 1 periode | 0 | 11 – 12 |
| 3.2 Stel 'n klasmaat voor: onderwyser- en portuurassessering | 2 periodes | 40 | 13 – 14 |
| **Taak 4: Skryf** | **2 – 3 periodes** | **40** | **15 – 16** |
| 4.1 Beplan 'n vriendskaplike brief | 1 periode | 0 | 15 |
| 4.2 Skryf 'n vriendskaplike brief | 1 – 2 periodes | 40 | 16 |
| **TOTAAL** | **10 – 11 periodes (5 ure)** | **150** | **16** |


## KONTEKS

Hierdie eenheid sal jou help om te dink oor jou vriendskap, en om die belangrikheid daarvan te herken.

Dit sluit alle vriendskappe in soos om bevriend te wees met jouself en met ander mense.

Hierdie eenheid bied jou ook praat-, lees- en skryfaktiwiteite wat jou Afrikaanse taalgebruik sal assesseer.

**TAAK 1 KONTEKSTUALISERING (60 minute)**
**LU 1: AS 2**

Die doel van hierdie taak is om:

- woordeskat oor vriendskap aan te leer sodat jy sal kan praat, lees en skryf in die aktiwiteite wat volg;
- beter na ander te luister;
- met 'n groep te kan saamwerk.

Jou onderwyser gaan jou deur die volgende klas- en groepbespreking lei.

Dit is belangrik dat jy die luisterreëls nakom. Luister na ander se menings en aanvaar dat hulle sienings dalk van joune sal verskil.

Wys dat jy hulle respekteer deur gepas na hulle te luister.

**TAAK 1.1 KLASBESPREKING MET TERUGVOER (60 minute)**

Lees die beskrywing van die volgende situasies deur en beantwoord die vraag / vrae wat volg:

**SITUASIE 1**

Jy het jou vriend(in) genooi om saam met jou 'n partytjie by te woon. Jou vriend(in) sê dat hy / sy nie kan uitgaan nie. Jy vind die volgende dag uit dat hy / sy met iemand anders uitgegaan het.

Dink jy dat julle nog steeds vriende kan wees?
Wat sal jy vir hom / haar sê?

**SITUASIE 2**

Jy het vir jou vriend(in) 'n geheim vertel en hy / sy het die geheim verklap.

Wat sal jy vir jou vriend(in) sê?
Sal jy hom / haar kan vergewe?

**SITUASIE 3**

Jy en jou vriend(in) stel albei in dieselfde meisie / seun belang en wil hom / haar vir Valentynsdag uitnooi. Die meisie / seun sê ja vir jou vriend(in) en nee vir jou.

Wat, dink jy, sal met julle vriendskap gebeur?

**SITUASIE 4**

Jou vriend(in) hou van 'n meisie of 'n seun. Hierdie meisie of seun hou van jou.

Sal jy met hierdie meisie / seun uitgaan al gaan dit jou vriend(in) baie hartseer laat voel?
Wat sal jy vir jou vriend(in) sê as jy wel besluit om met hierdie meisie / seun uit te gaan?

**SITUASIE 5**

Jou vriend druip Engels. Hy / sy moet die volgende toets deurkom om Graad 9 te slaag. Jou vriend(in) vra of hy / sy by jou kan afskryf.

Wat sal jy doen?
Wat sal jy vir jou vriend(in) sê?

**SELFASSESSERING**

Gebruik die volgende kontrolelys om jouself te assesseer. Dink na oor hoe jy na ander mense in jou groep geluister het. Probeer om so eerlik as moontlik te wees.

| | **Nee (0)** | **Ek moet meer aandag aan hierdie aspek gee (1)** | **Ja (2)** |
|---|---|---|---|
| 1. Ek het aandag gegee aan wat my groepmaats gesê het en nie aan hoe hulle lyk of hulle gewoontes nie. | | | |
| 2. Ek het "oopkop" gebly./ Ek het my emosies onder bedwang gehou. | | | |
| 3. Ek het heeltyd vrae vir myself gevra oor wat hulle sê. | | | |
| 4. Ek het nie mense in die rede geval nie. | | | |
| 5. Ek het die spreker terugvoer gegee om te wys dat ek geluister het. | | | |
| **TOTAAL** | | | **10** |

**[10]**

**GROEPASSESSERING (Onderwyser)**

Jou onderwyser gaan die volgende kontrolelys gebruik om jou groep se terugvoer te assesseer en te bepaal hoe julle as groep saamgewerk het:

| | **Nee (0)** | **Hulle moet aandag hier gee (1 - 2)** | **Ja (3 - 4)** |
|---|---|---|---|
| 1. Die groep kon elke situasie beantwoord deur hulle groepskennis te gebruik. | | | |
| 2. Die groep het na mekaar geluister en respek vir mekaar se sienings gewys. | | | |
| | **Nee (0)** | | **Ja (2)** |
| 3. Die groep het binne die tydsvereistes gewerk. | | | |
| **TOTAAL** | | | **10 x 2 = 20** |

**[20]**

**30 punte**

**TAAK 2 RESPONS OP TEKS (90 minute)**

Die doel van hierdie taak is om:

- woordeskat oor die tema van vriendskap te leer;
- te wys dat jy tekste soos artikels en gedigte kan verstaan;
- te wys dat jy taalkonstruksies korrek kan gebruik.

## TAAK 2.1 'N ARTIKEL (30 – 40 minute)

Lees die volgende teks oor **hoe om jou eie beste vriend te wees** en beantwoord dan die vrae wat volg:

1 Ons bestee soveel tyd aan ons vriendskappe met ander dat ons soms vergeet om die belangrikste eerste stappie te neem: om ons eie beste vriend te wees. Hoe kan ons met ander mense vriende wees as ons nie 'n goeie vriendskap met onsself het nie?

2 Die probleem is dat dit kan wys dat jy dalk nie van jouself hou nie. Hier volg 'n lys redes hoekom mense nie van hulself hou nie.

2.1 Jou verlede: miskien het jy foute in die verlede begaan en nou voel jy sleg oor hierdie foute.

2.2 Jou familie: dalk wens jy dat jy 'n ander familie gehad het, of dalk wens jy dat hulle ryk was.

2.3 Wie jy as persoon is: dalk hou jy nie van sommige dinge oor jouself nie. Byvoorbeeld, miskien kan jy nie voor ander mense praat nie.

2.4 Miskien dink jy dat jy niks gedoen het in vergelyking met jou vriende nie: dalk voel jy dat jou vriende slimmer of mooier is, of dat jy die enigste persoon in jou familie is wat sonder talent sit.

3 Al hierdie redes veroorsaak dat mense nie van hulself hou nie. Om hierdie redes is dit moeilik om jouself as vriend te ag.

4 Daar is dinge wat jy kan doen om dit te verander: vergewe jouself vir wat jy in die verlede gedoen het en aanvaar dat daar goed is wat jy nie kan verander nie (soos jou familie).

5 Gee aandag aan dit wat jy goed kan doen, en fokus op dit wat jou anders as ander mense maak. Skryf hierdie dinge neer, en moenie jouself met ander mense vergelyk nie.

6 Dit is baie belangrik om altyd jouself te wees: wees eerlik en doen wat jy dink reg is.

<www.lifehack.org>

1. 1.1 Wat, volgens hierdie artikel, maak dat ons nie goeie vriendskappe met ander mense kan hê nie? (2)

   1.2 Stem jy saam met die skrywer? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

2. Noem DRIE redes wat, volgens die artikel, veroorsaak dat 'n persoon miskien nie van homself / haarself hou nie. (3)

3. Noem nog EEN ding wat kan veroorsaak dat mense nie van hulself hou nie. Verduidelik jou antwoord. Moenie iets uit die artikel kies nie. (2)

4. Die skrywer van die artikel gee vir ons wenke oor hoe om vriende met onsself te wees.

   4.1 Noem DRIE wenke wat hy gee. (3)

   4.2 Watter een van hierdie drie wenke, dink jy, is die beste of belangrikste? Hoekom sê jy so? (2)

5. Is jy 'n vriend van jouself? Hoekom, of hoekom nie? Gee twee redes. (3)

6. Noem drie dinge wat jy van 'n goeie vriend wil hê, of van 'n goeie vriend verwag. (3)

**[20]**

**TAAK 2.2 TAAL (15 – 20 minute)**

Kyk na foto A, B en C, en beantwoord elke keer die vrae wat volg:

**FOTO A**



<www.lifehack.com>

1. Kies elke keer die korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die antwoord neer.

 1.1 Die klein (seuntjie / seunkie / seunjie) kyk na (homself / haarself) in die spieël. (2)

 1.2 Die seun (se / sê / sa) vriend is in 'n motorongeluk dood. Baie (motor-ongeluke / motorongelukkes / motorongelukke) vind elke dag op ons paaie plaas. (2)

**FOTO B**




www.nurturingart.com

2. Skryf die volgende sinne oor en begin elke keer soos aangedui:

2.1 Die vrou in die prentjie is lief vir haarself.

**In die toekoms ...** (2)

2.2 Die vrou is lief vir haarself.

**Nee, ...** (2)

**FOTO C**



www.japanwindow.com

3. Voltooi die volgende sin:

Die Japannese meisies voel baie _________. (1)

4. Kies die korrekte antwoord tussen hakies:

(Omdat / Want) hulle glimlag, is dit duidelik dat hulle so voel. (1)

**[10]**

## TAAK 2.3 BLOKKIESRAAISEL (30 – 40 minute)

Die onderwyser sal die volgende gedig voorlees en julle volg ie teks. Daarna voltooi julle die blokkiesraaisel saam met ‘n maat.

### Omdat – Antjie Krog

My maer hande steek vir jou ‘n kers aan
omdat jy my maat geword het
toe ek na 'n kwartaal
nog somber alleen tussen die ander sit,
omdat jy my pouses uit die
biblioteek kom haal
om saam liedjies te sing in die saal,
omdat jy my maat bly
t.s.v. my skilferhemp en nylontrui
omdat jy lief vir my geword het
en my selfs vashou teen jou bors
t.s.v. my dimpelbene en die
ryp puisies wat op my wange kors.

My kers brand
omdat jy kaalvoet saam met my
deur die dorp loop
en wag as ek iets in 'n
supermark koop
omdat jy pouses vir my brood gee,
smiddae vir my wiskunde verduidelik
en soms oor my skoon hare vee


omdat jy my maat is en so daarin berus
al skinder almal oor jy 'n seun
en ek ‘n meisie is

omdat jy verstaan as ek weg van jou kring
en agter die gordyne kruip
as jy operette sing.

Kyk hoe bewe my kers nou
hy sê dankie en hy bid vir jou.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| **t.s.v.** (= ten spyte van) | in spite of |
| **skilferhemp en nylontrui** | not very fashionable clothes / simple clothes |
| **dimpelbene** | her legs look fat |
| **kors** | crust |
| **puisies** | pimples |
| **berus** | to accept the fact |
| **skinder** | to gossip |
| **somber** | lonely |




**Dwars:**

2. Die teenoorgestelde van 'met skoene aan'.
5. 'n Vak waarmee die spreker sukkel.
8. Die spreker se vriend het ________ vir haar gevoel.
9. Waar het die spreker haar pouses deurgebring voordat sy 'n vriend ontmoet het?

**Af:**

1. Die spreker voel nie baie mooi nie omdat sy _______ het.
3. Die spreker praat met haar ________.
4. 'n Teken van die spreker se liefde vir haar vriend.
6. 'n Woord wat aandui dat die spreker baie eensaam en depressief voel.
7. Die spreker se vriend gee haar _______ om te eet.
10. Vir hoe lank was die spreker alleen en eensaam?

**[10]**

**40 punte**

**TAAK 3 VOER 'N ONDERHOUD EN STEL 'N KLASMAAT VOOR (90 minute)**

Die doel van hierdie taak is om:

- die woordeskat wat jy oor die tema 'vriendskap' geleer het, te gebruik;
- 'n onderhoud te voer;
- te wys dat jy verstaan hoe om vrae op te stel wat 'n onderhoud suksesvol sal maak;
- die korrekte woordorde en punktuasie te gebruik by die opstel van vrae;
- jou inligting op 'n interessante en vermaaklike manier aan te bied;
- 'n visuele hulpmiddel suksesvol in 'n aanbieding te gebruik.

**TAAK 3.1 VOER 'N ONDERHOUD (30 – 40 minute)**
**LU 2: AS 2 & 3**

Jou onderwyser gaan julle in groepe van 2 indeel. Die lede van elke groep gaan onderhoude met mekaar voer. Jy moet prentjies teken wat jou groepmaat se belangstellings en agtergrond wys. Teken terwyl julle mekaar die vrae vra.

Moenie te veel tyd aan jou tekeninge bestee nie, want dit is net 'n visuele hulpmiddel.

Gebruik dan hierdie tekeninge om jou groepmaat aan die klas voor te stel.

Jy moet die volgende inligting by jou maat probeer kry:
Wat is :

- sy / haar gunstelingvak
- die vak waarvan hy / sy glad nie hou nie
- sy / haar gunsteling buitemuurse aktiwiteit
- sy / haar familieagtergrond
- sy / haar gunstelingkos
- die kos waarvan hy / sy nie hou nie
- een toekomsdroom
- sy / haar gunstelingsanger / -sangeres
- Noem nog EEN interessante ding wat die klas nie van jou groepmaat weet nie

**MY KLASMAAT SE NAAM: ________________________________________________**

| GUNSTELINGVAK | DIE VAK WAARVAN HY / SY NIE HOU NIE | GUNSTELING BUITEMUURSE AKTIWITEIT |
|---|---|---|
| **FAMILIEGESKIEDENIS** | **GUNSTELINGKOS** | **DIE KOS WAARVAN HY / SY NIE HOU NIE** |
| **TOEKOMSDROOM** | **GUNSTELING SANGER(ES)** | **ENIGIETS ANDERS** |

**TAAK 3.2 STEL KLASMAAT VOOR (50 – 60 minute)**

Jy gaan nou jou groepmaat aan die klas voorstel. Kies 5 van die tekeninge wat jy gemaak het, en gebruik hulle as visuele hulpmiddels:

Een van hierdie vyf tekeninge moet blokkie nege op die vorige bladsy wees. Moenie langer as 'n minuut tot 90 sekondes praat nie, maar ook nie korter as 30 sekondes nie.

Moenie vergeet om jou vriend se redes te gee nie. Sluit 'n bietjie humor in, maar maak seker dat jy ten alle tye respek vir jou groepmaat toon. Moenie 'n voorbereide praatjie lewer nie. Jy mag wel 5 – 10 sleutelwoorde gebruik, maar praat so natuurlik as moontlik. Almal sal verstaan dat Afrikaans nie jou huistaal is nie.

Moenie vergeet om van jou tekeninge gebruik te maak nie. Jou onderwyser en nog een groep in die klas, gaan jou assesseer.

**GROEPASSESSERING**

**Leerder wat jy assesseer:** ______________________________

**Klasmaat wat voorgestel word:** ______________________________

Beantwoord asseblief die volgende vrae so eerlik as moontlik.

| | | **Nee (0)** | **Nie heeltemal nie (1)** | **Ja (2)** |
|---|---|---|---|---|
| **1** | Was die spreker gereed om die aanbieding te lewer toe die onderwyser hom / haar gevra het om dit te lewer? | | | |
| **2** | Was die spreker entoesiasties en vol selfvertroue in die aanbieding? | | | |
| **3** | Het die spreker met die klas gepraat of het hy / sy net die aanbieding aan die klas voorgelees? | | | |
| **4** | Het die spreker humor ingesluit, maar nie sy / haar groepmaat beledig nie? | | | |
| **5** | Het die spreker goeie oogkontak met die klas behou? | | | |
| **6** | Was die spreker se visuele hulpmiddel sigbaar vir die klas? | | | |
| **7** | Het die spreker na sy / haar visuele hulpmiddel verwys? | | | |
| **8** | Het die spreker 5 aspekte bespreek? | | | |
| **9** | Het die spreker die klas se aandag deurgaans behou? | | | |
| **10** | Het jy 'n goeie idee van die klasmaat gekry nadat die spreker hom / haar voorgestel het? | | | |
| **TOTAAL** | | | | **20** |

## ONDERWYSERASSESSERING VAN VOORSTELLING VAN KLASMAAT

**Naam:** ______________________________

| | **0 - 1** | **2** | **3** | **4** |
|---|---|---|---|---|
| **Voorbereiding** | Amper geen voorbereiding nie. Nie gereed op die dag nie. | 'n Mate van voorbereiding, maar nie genoeg inligting oor klasmaat nie. | Voldoende inligting. | Uitstekende kennis. |
| **Visuele hulpmiddel** | Niks. | Het 'n visuele hulpmiddel, maar verwys nie daarna nie. | Verwys na visuele hulpmiddel. | Die visuele hulpmiddel word effektief by die voorstelling geïntegreer. |
| **Gebruik van nie-verbale tegnieke** | Nie gebruik nie. | Het amper geen tegnieke gebruik nie. | Het gepoog om tegnieke in te sluit. | Gebruik en geniet deur die gehoor. |
| **Oogkontak** | Geen oogkontak word gemaak nie. | Wel oogkontak, maar nie genoegsaam nie. | Redelike gebruik van oogkontak. | Oogkontak effektief gebruik. |
| **Gebruik van sleutelwoorde** | Geen sleutelwoorde word gebruik nie. | Wel sleutelwoorde, maar nie genoegsaam nie. | Redelike gebruik van sleutelwoorde. | Sleutelwoorde effektief gebruik. |
| **Taal** | Kon nie kommunikeer nie as gevolg van vele taalfoute. Taal onvanpas. | Taalfoute, maar die leerder kan kommunikeer. | Leerder kommunikeer, en teikengehoor is wel in ag geneem. | Amper geen taalfoute nie. Taal effektief gebruik. |
| | | | **TOTAAL VIR AANBIEDING** | **20** |

**Opmerkings:**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**40 punte**

**TAAK 4 SKRYF (DIE VRIENDSKAPLIKE BRIEF) (60 – 90 minute)**

Die doel van hierdie taak is dat jy:

- 'n persoonlike / vriendskaplike brief aan 'n vriend(in) te skryf;
- 'n brief korrek punktueer;
- jou taal volgens jou teikengehoor aanpas.

**TAAK 4.1 BEPLAN 'N VRIENDSKAPLIKE BRIEF (30 – 40 minute)**

Jy gaan 'n brief aan 'n goeie vriend(in) skryf wat jou skool verlaat het. Dalk het die persoon oorsee gegaan, of net na 'n ander skool, dorp of stad verhuis. Wat sal jy vir jou vriend(in) sê oor hoe jy voel oor sy/haar vertrek?

Jou onderwyser mag die formaat van hierdie brief verander en aanpas.

Voltooi die volgende tabel en gebruik dit as jou beplanning:

| | |
|---|---|
| **Skryf jou adres voluit** | |
| **Skryf die datum** | |
| **Groet jou vriend(in) (aanhef)** | |
| **Eerste paragraaf (Wat gaan jy in hierdie paragraaf sê? Onthou dat dit jou vriend(in) se aandag wil trek).** | |
| **Tweede paragraaf (Vertel vir jou vriend(in) van die jongste nuus of skinderstories. Vertel ook hoe jy na hom / haar verlang en hoekom jy so baie verlang).** | |
| **Die slotparagragraaf (Bespreek hoe julle in verbinding kan bly en wanneer julle mekaar weer sal sien).** | |
| **Groet hom / haar (slot)** | |
| **Jou naam** | |

**TAAK 4.2 SKRYF 'N VRIENDSKAPLIKE BRIEF (30 – 40 minute)**

Noudat jy jou beplanning voltooi het, kan jy die brief begin skryf. Die woordtelling vir paragrawe 1 – 3 moet tussen 80 en 150 woorde wees.

Die volgende nasienskaal sal gebruik word om jou brief na te sien:

| | **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** | **Vlak 4** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|
| | **0 - 1 punt** | **2 punte** | **3 punte** | **4 punte** | |
| **Die adres** | Geen adres nie. | Volop foute.<br>OF<br>Verwar pos- en straatadres. | Een of twee foute. | Geen foute nie. | |
| **Datum** | Geen. | Datum se spelling is verkeerd. | Korrek, maar geen jaar nie. | Korrek. | |
| **Groete / Aanhef** | Geen. | Verkeerd. | Korrek, maar gebruik leestekens. | Korrek. | |
| **Paragrafering** | Geen. | Die paragrawe het nie 'n verband met die inhoud nie. | Twee paragrawe. | Al drie paragrawe. | |
| **Slot** | Geen. | Verkeerd. | Korrek, maar gebruik leestekens. | Korrek. | |
| **Punktuasie** | Geen. | Volop foute, veral met punte en hoofletters. | Het 'n goeie idee en hoofletters korrek. | Uitstekend en interessante gebruik. | |
| | **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** | **Vlak 4** | |
| | **0 – 2 punte** | **3 – 4 punte** | **5 – 6 punte** | **7 – 8 punte** | |
| **Register** | Heeltemal verkeerde gebruik van formele/informele register. | Gebruik meestal korrekte en persoonlike / informele keuses, maar nie altyd korrek of van toepassing nie. | Korrek en van toepassing. | Uitstekend. | |
| **Taal** | Kan nie kommunikeer nie. | Sukkel om te kommunikeer. | Kommunikeer redelik goed. | Kommunikeer baie goed. | |
| **TOTAAL UIT 40** | | | | | |

**Opmerkings:**

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**40 punte**